# Bybelvasvra: Engele van die Bybel

## #Vraag 1:

Ons lees vir die eerste keer in die Bybel van Engele wat die Tuin van Eden met vlammende swaarde moes bewaak. Watter soort Engel het die Tuin van Eden bewaak? (Gen 3:24)

**Antwoord:** Gerubs

## #Vraag 2:

Wie was ook eers ‘n Engel gewees, maar is uit die hemel gegooi omdat hy soos God probeer wees het? (Eseg 28:15-17 / Luk 10:18)

**Antwoord:** Satan

## #Vraag 3:

Van watter soort Engel lees ons in Jesaja 6:1-2? Wat is die werk van hierdie soort Engele?

**Antwoord:** ‘n Seraf – hulle werk is om God te dien.

## #Vraag 4:

In watter boek van die Bybel lees ons die meeste van Engele?

**Antwoord:** In die boek Openbaring.

## #Vraag 5:

Soos ons die Bybel lees sien ons dat Engele verskillende soorte take het. Lees die Bybeldele hieronder en maak ‘n lys van van die soort take wat hulle het:

- 1 Konings 19:5-6 (‘n Engel bring vir Elia kos)
- Matteus 4:11 (Engele het Jesus versorg na die satan Hom versoek het)
- Handeling 12:6-11 (‘n Engel bevry Petrus uit die tronk uit)

## #Vraag 6:

Een van die take van Engele is om mense te beskerm.

- Wie was die drie mans in die vuuroond gewees wat die Engel van die Here beskerm het? (Daniël 3:26-28) (Sadrag, Mesag en Abednego)

- Wie het God beskerm toe Hy ‘n Engel gestuur het om die leeus se bekke toe te sluit dat hulle hom niks kon aandoen nie? (Daniël 6:22-24) (Daniël)

- Teen wie het die Engel van die Here die Israeliete beskerm toe Hy agter hulle ingeskuif het saam met die wolkkolom? (Eksodus 14:19-20) (Die Egpitenaars)

## #Vraag 7:

Ons lees ook dat Engele boodskappers van Goeie nuus is. Watter goeie nuus het hulle aan die volgende mense gebring?

- Rigters 13:2-24 (Die geboorte van Simson)

- Lukas 1:5-20 (Die geboorte van Johannes die Doper)

- Lukas 1:26-38 (Die geboorte van Jesus Christus)

- Matteus 28:1-7 (Die nuus van die opstanding van Jesus)

- Handelinge 1:9-11 (Die hemelvaart van Jesus en dat Hy eendag weer terugkom)

## #Vraag 8:

Engele het mense ook kom waarsku. Wie word in die Bybeldele hieronder gewaarsku, en waaroor word hulle gewaarsku:

- Numeri 22:22 (Bileam word gewaarsku dat Hy ongehoorsaam aan God is)

- Matteus 1:20-25 / Matteus 2:13-19 - Hoeveel keer het ‘n Engel van die Here aan Josef verskyn om hom te waarsku, en wat was die waarskuwings gewees?

## #Vraag 9:

Engele is nie net mooi wesens met blink klere nie, Engele het ook baie krag en is deel van God se weermag wat kan veg en oorlog maak. Lees die twee Bybeldele hieronder om uit te vind wat God se Engele alles kan doen:

- 2 Konings 6:13-17

- 2 Konings 19:35

## #Vraag 10:

Alhoewel daar verskillende soorte Engele in die Bybel is, lees ons net twee Engele se name. Die eerste een is die Engel Gabriël. Aan watter drie mense in die Bybel het hy verskyn?

- Daniël 8:16 / Daniêl 9:21 (Daniël)

- Lukas 1:19 (Sagaria)

- Lukas 1:26-28 (Maria)

## #Vraag 11:

Migael is die ander Engel wie se naam ons in die Bybel van lees. Wat weet ons van Migael volgens die Bybeldele hieronder:

- Daniël 10:13 (Hy is ‘n belangrike Engel)
- Daniël 10:21 (Hy veg / maak oorlog teen die duisternis)
- Daniël 12:1 (Migael hou wag oor die volk Israel)
- Openbaring 12:7 (Migael gaan orlog maak teen die draak in die eindtyd)

## #Vraag 12:

Watter man in die Bybel het met ‘n Engel gestoei, en wat het met hom gebeur? (Genesis 32:24-30)

**Antwoord**: Jakob het met ‘n Engel van die Here gestoei. Die Engel het hom op sy heup geslaan sodat hy mank was daarna.